

Oktobermaand is Reformasiemaand

Daar is min dinge wat 'n mens se perspektief so drasties verander soos die werklikheid.

In baie opsigte is daar besluite en opinies wat in ons gedagtes en gemoed gevorm word deur persepsies en opinies van ander mense. Wanneer jy boeke oor die geskiedenis lees, veral ook die Bybel, dan lees jy oor feite wat gebeur het, maar jy het nie altyd die perspektief van die omstandighede of die omgewing waarbinne hierdie dinge plaasvind nie.

Daar is niemand van ons wat by die skepping was nie, en tog lees ons in Genesis 1-2 oor hoe God geskep het. So kan 'n mens deur die hele geskiedenis stap, na al die plekke waar God Homself aan die mens bekend gemaak het. Soos daar diep in die woestyn by die berg Sinai, of die see van Galilea. Die werklikheid bring 'n nuwe begrip, en beter verstaan.

Eers wanneer jy daar op die berg Karmel staan en afkyk oor die Jisreel vlakte, en agter jou die deinsing van die see kan sien, verstaan jy wat gebeur met Elia en die Baalprofete, en die diensknege wat 'n wolke bespeur op die horison. Wanneer jy in die hawe van Perge staan en sien hoe groot die Taurus-berge is, dan het jy begrip vir Johannes Markus wat besluit om huistoe te gaan.

Tog kan hierdie perspektiewe nie die feite verander nie, hoewel dit help om dit te begryp. So is daar bitter min van ons hedendaagse tyd wat begrip toon vir die skoen waarin Luther homself bevind het op die Ryksdag van Worms. Waar hy gelei deur God se Gees, homself verbind aan die Woord van God alleen as die hoogste gesag.

In Oktober gedenk ons die begin van die Reformasie waar Luther die 95 stellings teen die kerk deur van Wittenberg vasgemaak het om daarvoor gesprek te voer. Die gevolg was 'n totale omwenteling van die geskiedenis.

Die resultaat van daardie gevolg is egter 'n nuwe perspektief op God se Woord. Mag die HERE ons lei om in ons eie lewe 'n reformasie te ondergaan, om te kan antwoord teen die tydsgees en wêreldse verleidinge dat God se Woord jou gewete bind aan die waarheid.

“Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.” Hebreërs 4:12

Lourens (vdm)

ALGEMENE INLIGTING

EREDIENSTYDE

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00



Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**

Kantoorure: **Ma-Do 08:15 - 13:00**

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226

Lyttelton

Inhandiging van Kommunikatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad gkcenturion.co.za of ons internetskakel stroom.gkcenturion.co.za

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname).

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

KATKISASIE: Vandag: Les 22, Ps 65-1:1 Volgende week: Les 23, Ps 65-1:1

KLEUTERKLAS: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
(Janneke Wessels – 071 898 5900)

Dienspersoneel

Datum	Wyk	Ouderling	Afkondigings	Diaken	Klank	Projektor	Video Uitsending
18-Oct	B09	Cassie vd Walt	Fred Reynecke	Louise van Niekerk	Louise van Niekerk	Adrian VNiekerk	Luan van Niekerk
25-Oct	B10	Andries Zeevaart	Jan Nel	Lourette v/d Berg	Hein Kaiser	Eric Guldemon	Gert Reinecke

KOLLEKTES

Vandag: Barmhartigheid (tydens erediens)



Volgende week: Barmhartigheid

Vandag: Bybelverspreiding (by die deure)



Volgende week: EVK-projekte

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk
Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

Verjaarsdae

Belydende lidmate

18 Okt.	Dan	Hammond	C07	0810907996
20 Okt.	Jaco	Maré	C15	0790673656
21 Okt.	Carien	Erasmus	B02	0738288268
	Bella	Landsberg	C06	0828431707
	Elmari	Vercueil	E01	0825612682
22 Okt.	Danie	Rebel	A01	0825715397
	Gerard	van Rooy	C04	0718608595
23 Okt.	Karmi	Bekker	B17	0662521259
	Wilco	Breedt	A14	0826042956
	Annelette	Gentle	B01	0824646893
	Paul	Steyn	A05	0828827976
	Anton	vd Bijl	C04	0832916855
	Johan	van Dyk	A14	0825769294
	Ruben	Venter	B15	0823478094
24 Okt.	Marietjie	Croukamp	A06	0832507519
	Frikkie	van Biljon	A16	0729954488

Dooplidmate

19 Okt.	Nicolas	Coetzee	C08	0829273146
20 Okt.	Aurora	Rousseau	B12	0849523386
22 Okt.	Ané	Steyn	B08	0769051505

Alethea Outreach 11:00

Like us on facebook:

[https://www.facebook.com/](https://www.facebook.com/aletheaministry/)

aletheaministry/

Ons gee om vir Mekaar

“...God ontferm Hom oor ons.” Ps. 116:5

- Anneme de Waard sterk aan na 'n enkel-ligamente operasie (C13 – 0833763913).
- Louis Kruger het 'n draai in die hospitaal gemaak (A7 – 0828262752).
- Elna de Bruin is weer opgeneem in Brits hospitaal (A2 – 0836642050).

Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk


Stephanus en Karin met die doop van Reghardt Schoeman vanoggend.

Beroepe ontvang

- Prof AJ (Albert) Coetsee van die Teologiese Skool Potchefstroom na GK Centurion as medeleraar.
- Ds SB (Barend) van der Westhuizen van GK Ermelo na GK Bloemburg.
- Dr HM (Heinrich) Zwemstra van GK Walvisbaai na GK Potchefstroom-Oos.

Belydeniskamp

Ds Maarten kamp die naweek saam met die Belydenisklas.



LAERSKOOL

Reformasie Herlewing

BETAAL JOU AFLAAT NOU

SOLA SCRIPTURA
Die Skrif alleen

SOLA GRATIA
Die genade alleen

SOLA FIDE
Die geloof alleen

SOLUS CHRISTUS
Christus alleen

SOLI DEO GLORIA
Aan God alleen die eer



**30 OKTOBER
2026**



17:30



**GEREFORMEERDE
KERK CENTURION**

DIE HELE GESIN WORD UITGENOOI
om saam die Reformasie te kom herleef.



AFLAAT KOSTE IS 'N DONASIE.
Betaal by jou kategeet.



Kontak Sanmari
vir meer inligting.
071 485 5995



BRAAIBROODJIES & BORDSPELETJIES

KOM GENIET 'N BRAAIBROODJIE (OF TWEE, OF DRIE) EN BORDSPELETJIES SAAM MET ONS OM
DIE JAAR AF TE SLUIT!

SATERDAG 24 OKTOBER
16:00

GK CENTURION (227 BASDENLAAN, CENTURION)
RSVP TEEN 22 OKTOBER

BRING ENIGE BORDSPELETJIES WAT JY HET SAAM.
ALLE STUDENTE EN JONGWERKENDES IS WELKOM.



Die Erfenis

'n Reformasie-raaiselaand in drie bedrywe



**Vrydag
30 Oktober 2026**



17:30

 Gereformeerde Kerk Centurion

Alle studente en Hoërskool leerders welkom



Aflaat: Donasie vir
kategete en litmate.
R50 vir leerders/studente buite
Gereformeerde Kerk Centurion.



Kontak Pieter van der Dussen
vir meer inligting
082 416-7188

Bernina @ Saxby—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabriek naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

Huiskontrakteur – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekk; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

Verkoop u, u huis? Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

Bouplanne - Skakel Tertius Horak by 082 925 6015 vir enige argitek werk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en “soos-gebou-planne” insluitend Stadsraad goedkeurings.

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

18 Okt.

Elize Pretorius A7, A18;

Jeske vd Walt A15;

Hanneke Swanepoel A17



25 Okt.

Thereza Myburgh B1

Petra Terblanche B2



Eljada verkoop koekies!
Volledige lys is op die kennisgewingbord.
Skakel gerus vir Petro 012 377 0503/0670846792

Senior Funksie Spitbraai

Alle senior lidmate (65 +) word hartlik uitgenooi na die Senior Funksie

November

Saterdag **7** 11:00

2026

Kerkterrein, Basdenlaan

RSVP: Kerkkantoor 012 664 2614 of
Karen Rebel 084 610 0170
teen Dinsdag 3 November

SWEETHEART-STIGTING - DOPPIES

Onthou asseblief die volgende:

- Die doppies en proppies moet van die bottels van DRINKBARE VLOEISTOF wees.
- Al is die proppies van Stasoft en Sunlight-skottelgoedseep van plastiek, is nie deel van ons insameling nie.
- Die proppe van Milo- en Hot Chocolatehouers is nie deel van die insameling nie.
- Deodorant se proppe is nie deel van die insameling nie.
- Plastiese broodknippies moet apart van plastiese doppies ingegee word.
- Moenie doppies wat uit die grond en modder gegrawe is, ingee sonder om dit goed te was en te laat droog word nie.

Laaste maar nie die minste nie, met die herwinning is daar minder plastiek wat rondlê.



Ons dankie die Here vir sy seën wat ons ontvang het.

Die Projekspan en die Geboue- en Terreinkommissie bedank almal vir hul deelname en ondersteuning met die Basaar. Indien u nie hier was nie, het u beslis uitgemis.

‘n Besondere dankie vir ál die skenkings en bydraes wat ons ontvang het. Dit was ‘n bewys van u meelewing en dat u erns maak met die instandhouding van ons geboue en terrein.

‘n Baie spesiale dankie aan ál die organiseerders vir hulle onbaatsugtige harde werk om alles moontlik te maak. Dan ook aan almal wat gewerk het. Die organiseerders kan hulle vingers stompies afwerk, maar as dit nie vir hierdie helpers was nie, sou niks moontlik gewees het nie.

Wat was die doel van die basaar?

Ons kan dit van enige kant af bekyk, maar die hoofdoel was om fondse te bekom vir die verbeterings en herstelwerke aan ons geboue, grensmure, plaveisel en die tuin. Maar, geld staan nooit los van Koinonia (samesyn) nie. Sekerlik het u ander lidmate ontmoet, óf van nader leer ken, wat bydrae tot almal se samesyn in die geloof.

Nogmaals baie dankie aan ieder en ‘n elk wat op watter wyse ook-al ‘n bydrae gelewer het om die dag ‘n sukses te maak.

Aan God alleen die Eer.

Projekspan

Oproep tot gebed:

Lidmate word opgeroep om hulle koninklike roeping op elke terrein van die lewe daadwerklik uit te leef. Daar word in besonder verwys na betrokkenheid by onderwys en die dreigende wetgewing oor die regulering van kerke.

Lidmate word ook opgeroep om die komende munisipale verkiesing met verantwoordelikheid te benader om ook daarin as getuies vir Christus op te tree.

Daar word verder voorbidding gevra vir mede-gelowiges wat op verskillende wyses en dikwels onder moeilike omstandighede en met groot opoffering hulle roeping as gelowiges ook op hierdie akker uitleef.

U broeders in Christus,

Ds. Jaco Lemmer

(Voorsitter GKSA Owerheidsdeputate)

Ds. Vickus van Jaarsveld

(Skriba GKSA Owerheidsdeputate)

MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan GK Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R545 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Des 2026. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R953. Die vaste munisipale kostes beloop tans R425. Al wat dan nog bykom is die elektrisiteitsverbruik. Aansoekvorms is by die ondergenoemde persone beskikbaar. Aansoeke word deur die bestuur van die Oord oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Gerrit Beumer 082 572 5235/ Rina Venter 071 403 4143 (Op terrein)

Aansoeke sluit 26 Oktober 2026

Voorspel inligting

Psalm 142 Oggenddiens

In Psalm 142 roep 'n magtelose Dawid na God uit die donker grot. Die boodskap hierin is diepe troos: selfs in ons diepste eensaamheid en angs is God ons enigste, veilige toevlug. Ons Here hoor elke hulpgeroep, skenk uit vrye genade redding, en herstel ons om Sy Naam te loof.

Psalm 42 Aanddiens

Psalms 42 en 43 vorm oorspronklik een lied. Waar Psalm 42 passief treur oor die verlede en smag na God te midde van depressie, pleit Psalm 43 aktief vir geregtigheid en toekomstige leiding deur God se lig. Albei vind egter krag in dieselfde herhalende refrein: hoop onwankelbaar op God vir uitredding.

Liturgiese Riglyne

S O N D A G O G G E N D 09:00

Aan Hom die Heerlikheid

Skriflesing:

1 Petrus 4:1-19
(2020)

Teksvers:

1 Petrus 4:10-11

Sing:

Ps 138:1,3
Ps 65:1,2
Ps 8:1,2,3,4
Sb 1-2:1,2,3
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Ons dink hierdie kwartaal verder na oor die betekenis dat alles AAN God toekom, tot lof van sy heerlikheid. In sommige vertalings word die “aan Hom” vertaal met “Syne”.

Dit gaan oor besit. Iets wat aan jou behoort is dit wat jou eiendom is. Maar dit verduidelik ook iets meer van die persoon.

As iemand iets aan jou doen, is dit aan jou persoon. Met ander woorde: dit wat Aan Hom behoort is dit wat Aan Hom verskuldig is. Dit geld nie net vir die skepping nie, maar ook die doel van die skepping, sodat God in alles verheerlik kan word omdat die heerlikheid en die krag Hom toekom, tot in ewigheid.

S O N D A G A A N D 18:00

Die onverganklike liefde van die Vader (vir bekerende sondaars)

Skriflesing:

Lukas 15:11-20;
Romeine 5:8;
8:31-39 (1983)

Teksvers:

Lukas 15:17-20

HK: Sondag 33

Sing:

Ps 118:1,7
Sb 2-1:1-7
Lied 190:1,2,3
Sb 2-4:1,2,3
Sb 13-3

Ds Maarten van Helden

As ons in die kategismus leer wat bekering is dan raak ons bewus van die radikaliteit daarvan. Bekering is doodgaan en lewend word! Sterwe en opstanding!

Die twee absolutes wat hier gebruik word help ons om te verstaan dat bekering nie maar net 'n koersverandering of 'n wending in jou lewe is nie, maar 'n radikale ommekeer – van dood na lewe!

Eers moet ons die ou sondige lewe doodmaak en dan weer deur die krag van Christus opstaan uit die dood in 'n nuwe lewe. Van die verlore seun lees ons in 'n gelykenis, maar dit illustreer bekering so goed. Hy was dood, maar kyk hy lewe, het sy pa gesê! Kyk na die dag van sy bekering dan sien ons dit in die vier dinge wat hy daar by die varktrog doen: daar is inkeer, afkeer, omkeer en terugkeer.

Bekering het ons eenmaal nodig, maar daarna ook elke dag, sodat ons nie in ons sondes bly nie.